



ST. CYRIL VAN ALEXANDRIË

27 JUNIE

(370—440)

Hierdie biskop en Kerkleeraar was 'n briljante teoloog wat deur sy geskrifte 'n belangrike bydrae gelewer het tot die ontwikkeling van die Kerkleer oor die Heilige Drie-eenheid. Dit was hy wat pous Celestyn I oorreed het om in 431 die Kerk Konsilie van Efese byeen te roep om sekere dwaalleringe aan te spreek. Sy diep liefde vir die Kerk en besorgdheid oor die waarheid het van hom 'n groot verdediger gemaak van die geloof soos dit deur die Apostels oorgelewer is.